

# Geloofsritmes

Ons deel graag die volgende idees en bronne om julle paasnaweek te help met 'n paar geloofsritmes.

- Indien julle 'n familie bymekaar is laat die kinders uit hout klein kruisies maak en maak 'n Golgota "scene" deur sand in 'n kombuis-bak te gooi, 'n heuweltjie te maak met die sand en die drie kruise te plant.
- Luister gerus na ons voorstelle (link) van paasmusiek deur die naweek. <https://www.youtube.com/channel/UCrhncOkbJKr5mFvdCijpW3g/playlists>
- Besoek gerus die Bible app / YouVersion vir dagstukkies en resources vir stiltetyd en meditasie. <https://my.bible.com/events/7170848>
- Jy/Julle kan ook 'n paar stasies uitpak in die huis – bv:
  - 'n houpie spykers iewers op 'n tafel – Goeie Vrydag kan jy een spyker teen jou hand druk en die ongemak/pyn voel.
  - besoek ook die sandbak met die kruise en doen saam 'n gebed.
  - 'n bak met 'n klomp wit papierstukkies en 'n pen waar jy/julle iewers gaan neerskryf waarvoor jy/julle dankbaar is op die oomblik.
- Jy/julle kan ook Vrydagaand voor slaapyd die huis se ligte afskakel om die duisternis aan die kruis te simboliseer – voel hoe dit voel as jy dit kies en daarin tyd spandeer sonder beurtkrag!
- Saterdag staan bekend as stil-Saterdag – Jesus was stil aan die kruis. Neem iewers deur die dag 'n tyd van stilte saam of op jou eie op te identifiseer daarmee.

- 'n ander opsie is om Sondag oggend vroeg (donker) op te staan en stil/alleentyd buite te spandeer in die tuin – so kan jy saam met die vroue wat die leë graf gekry het die wonder van die opstanding aanvoel.
- Steek Sondag oggend 'n kers aan wat 'n paar ure in jou huis brand om die opstandingslig te vier.
- Indien jy alleen is stuur Sondag oggend vir iemand 'n boodskap of bel om te groet met die woorde: 'die Here het waarlik opgestaan'
- Indien jy saam met ander in die huis is groet mekaar voor julle saam die diens Sondag oggend kyk met die woorde: die Here het waarlik opgestaan.

*Wees Anders...*



**SUIDER-PAARL  
GEMEENTE**

*...Want Jesus is Anders...*